

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 37 NO 2 • MARCH / APRIL 2023



**SIRKEL-N-LANDGOED:  
GESONDE MOERE VIR  
VOLHOUBARE AARTAPPELPRODUKSIE**

**SATELLITE-DERIVED CROP  
GROWTH INDICES FOR  
MANAGEMENT OF POTATO CROPS**

Alternatiewe kragbronne  
vir jou plaas

KZN small growers  
hold farmers' day

Limpopo-kultivarproef  
op Dendron, 2022

# Die leë plaagdoderhouer: Wie moet wat doen?

Deur Dr Gerhard H Verdoorn, CropLife SA

**S**uid-Afrika staan op die rand van 'n afvalfiasko. Papier, plastieksakke, voedselverpakking, koeldrankbottels en bourommel is besig om die land in 'n puinhoop te verander. Dit is asof inwoners daarop uit is om hulle lewensomgewing soos die spreekwoordelike varkhok te laat lyk. Asof die sig daarvan nie genoeg is nie, is die gevaar van ongere karakters soos bruinrotte al 'n gegewe, omdat vaste afval en rommel die ideale lewensruimte vir dié diersies skep.

Die voormalige Departement van Bosbou, Visserij en Omgewing (DBVO) het so vroeg as 2003 al ernstig begin debat voer oor die geweldige uitdagings wat afval en rommel vir die land, sy mense en die omgewing skep. Jare se dinkwerk en hande vat met die samelewing en bedryf het uiteindelik die *Nasionale Omgewingsbestuur: Afvalbestuurswet, 2008 (Wet 59 van 2008)* gelewer om die bestuur van afval sinvol aan te spreek.

Die grondbeginsels van die wet en sy ondersteunende regulasies fokus op vermindering, herwin en hergebruik, veral vir stowwe soos polimere wat verskeie kere se herprosesering kan oorleef voor dit finaal afgeskryf moet word.

## Afvalhantering op die plaas

Enige plaas, soos enige huis of bedryf, skep uit die aard van sy aktiwiteite

afval. Daar is egter 'n baie groot deel van hierdie afval wat herwin en hergebruik kan word, soos verpakkingsmateriaal waarin plaagdoders verpak word. Dit sluit onder andere in die hoëdigtheid poliëtileen (HDPE)-houers, polipropileen (PP)-houers en -sakke, lae-digtheid poliëtileen (LDPE)-sakke, papiersakke en foelie-sakke wat meestal uit polipropileen vervaardig word.

Voor 2005 is sulke verpakkings meestal verbrand, begrawe of bloot net so op plase gelaat om by te dra tot ernstige omgewingsbesoedeling. Individue en maatskappye wat in die herwinningsbedryf opereer, het sedert 2006 begin om leë HDPE-plaagdoderhouers in te samel en te herverwerk na ander kommoditeite soos vullissakke, besproeiingspype, en dies meer. Hierdie maatskappye het oor die jare ook uitgediende besproeiingspype, skadunet, grondbedekkingsplastiek en ander plastiek materiaal begin insamel.

CropLife SA het in 2008 'n poging geloods om leë plaagdoderhouers ordentlik te laat skoonmaak op plaasvlak, en dit dan te laat insamel en verwerk om ander kommoditeite van die materiaal te maak. Dit het erg gesukkel om aanvanklik vastrapplek te kry, maar teen die einde 2022 was daar reeds 165 CropLife SA gesertifiseerde verwerkers, wat met meer as 200 individue dienste aan die landbousektor verskaf om leë plaagdoderhouers in

te samel en plase dienooreenkomstig vry van enige plaagdoderverpakkings te hou.

Slegs enkele afgeleë areas moet nog versamelpunte onder die vaandel van die CropLife SA-sertifisering kry en dan is daar geen verskoning vir sulke materiaal en houers om op plase rond te lê nie.

## Rolspelers se verantwoordelikhede

Nuwe regulasies oor die sinvolle bestuur van leë verpakkingsmateriaal is deur die DBVO geskep om 'n baie groot verantwoordelikheid vir die bestuur van leë verpakkingsmateriaal op die verskaffers van kommoditeite, soos onder andere plaagdoders, te plaas. Dit staan as die Uitgebreide Vervaardigersverantwoordelikhedsregulasies (UVV-regulasies) bekend.

Onder dié regulasies word verskillende kennisgewings uitgereik, soos vir algemene voedselgraadplastiek wat vir voedsel en drinkbare vloeistowwe gebruik word. Die kennisgewings spel gewoonlik die operasionele doelwitte vir vervaardigers uit, onder andere teikens vir die herwinning en verwerking van verpakking. Een van die beste voorbeelde van die suksesvolle implementering van so 'n stelsel, is dié van die poliëtileentertalataat (PET)-bottels wat vir koeldrank gebruik word en waarin nuwe koeldrankbottels alreeds amper uit 100% herwonne materiaal vervaardig word.



Gesertifiseerde diensverskaffers is reeds sedert 2022 besig om leë plaagdoderhouers in te samel en van plase te verwyder.

Plaagdoderverpakking is uitgesluit van die algemene papier- en plastiek-kennissgewings omdat dit gevaarhoudende stowwe (plaagdoders) bevat en nie met verpakings van ander tipes kommoditeite gemeng mag word nie. 'n Kennisgewing vir die plaagdoderbedryf word binnekort in die *Staatskoerant* verwag en sal aan CropLife SA 'n stewige mandaat gee om seker te maak dat alle plaagdoderverpakking wel op die regte wyse ingesamel en verwerk word.

Daar bestaan 'n ernstige wanpersepsie by produsente en verbruikers dat die verskaffers van plaagdoders leë plaagdoderverpakking van plase af moet verwyder; dit is beslis nie die geval nie. Wat wel korrek is, is dat vervaardigers 'n stelsel en infrastruktuur moet skep sodat verbruikers en boere wettig en op die regte wyse van leë verpakking ontslae kan raak. Alle rolspelers in die waardeketting is egter gebonde aan die vereistes vir afvalbestuur, soos omskryf in die *Afvalbestuurswet*.

### Vervaardiger verantwoordelikheid

Vervaardigers of verskaffers van plaagdoders staan onder verpligting van die *Afvalbestuurswet* en die verwagte kennisgewing oor die plaagdoderbedryf se verpakking, om aan 'n vervaardiger-verwante verantwoordelikhedsorganisasie (VVO) te behoort wat die bestuur van leë plaagdoderverpakking namens lede behartig. So 'n VVO moet die finansiële model ontwikkel om fooie by lede te hef, infrastruktuur te skep vir die insameling en verwerking van verpakingsmateriaal, en jaarliks verslag aan die DBVO lewer oor vordering met die oog op bereiking van doelwitte.

CropLife SA, wat die oorgrote meerderheid van die plaagdoderbedryf verteenwoordig, het alreeds die infrastruktuur geskep vir die insameling van leë plaagdoderverpakking. Dit is gebaseer op die sertifisering van individue en maatskappye wat plaagdoderverpakking insamel en verwerk. Die CropLife

SA gesertifiseerde verwerkers (ons gebruik een term vir insameling en verwerking) bestaan uit 70% onafhanklike besighede en 30% CropLife SA geakkrediteerde gewasadviseurs wat almal onder die vaandel van CropLife SA, die leë verpakingsmateriaal insamel en verwerk.

Verwerkers beskik oor fasiliteite om skoon, leë verpakingsmateriaal soos plastiekdromme in ontvangs te neem en is deur CropLife SA gemagtig om 'n verklaring (byvoorbeeld Griffon Recyclers se Hiresh Ramanand) van verantwoordelike herwinning aan boere uit te reik.

Elke verwerker ontvang jaarliks 'n CropLife SA-sertifikaat (byvoorbeeld Griffon Recyclers se sertifisering). Verwerkers mag slegs nominaal skoon verpakingsmateriaal in ontvangs neem, anders moet hulle geregistreer wees vir die hantering van gevaarlike afval.

### Produsent verantwoordelikheid

Produsente wat plaagdoders gebruik het die verantwoordelikheid om leë houers drie maal te spoel en daardie spoelwater in die spuitens oor te giet, daarna gate in die houers te kap, en dan die houers aan een van die CropLife SA gesertifiseerde verwerkers te oorhandig. Sommige van die verwerkers sal wel sulke leë houers op plase oplaai, maar hulle is onder geen verpligting om rond te ry en leë houers op te laai nie. Dit is basies 'n gratis diens wat hulle aan boere lewer.

Produsente moet daarop aandring om die verwerkers se CropLife SA-sertifisering te sien, anders sal hulle nie die vereiste CropLife SA-verklaring ontvang nie.

### Die dinge wat haak en pla

Daar is 'n onaanvaarbare persentasie leë plaagdoderhouers wat nie drie keer gespoel word nie. Dit veroorsaak dat die CropLife SA gesertifiseerde verwerkers se voertuie met plaagdoderresidu besoedel word, dat werkers wat met die leë houers werk aangetas word, en dat plastiek wat daaruit vervaardig word steeds plaagdoderresidu bevat.



*Daar is geen rede waarom landbouers met leë plaagdoderhouers op hulle plase moet sit nie. Hier is 'n klomp houers wat op een dag deur Johan Foley verwyder is.*

CropLife SA het onlangs 'n monster van verwerkte plastiek laat analiseer en gevind dat daar swamdoders, insekdoders en onkruidodders in die plastiek was. Dit bewys dat sommige produsente nie die leë houers volgens riglyne spoel nie en dus 'n gevaar vir almal in die waardeketting skep.

Ongelukkig verneem CropLife SA steeds van gevalle waar leë houers verbrand of begrawe word. Nie alleen is sulke wanpraktyke onwettig nie, maar dit veroorsaak gevaarlike omgewingsbesoedeling en skep 'n bitter swak beeld van die landbousektor. Die DBVO se Groen Skerpioene gaan vanjaar rondry en oortreders soek. Die strafmaatreëls is ernstig, met boetes wat in die miljoene mag wees. Alternatiewelik mag so 'n persoon verplig word om so 'n besoedelde plek teen 'n koste van etlike miljoene rande op te ruim.

### Oplossings wat CropLife SA bied

CropLife SA glo dat die meeste produsente die regte ding wil en sal doen om leë houers deeglik te spoel en te laat herwin. Daar is riglyne beskikbaar vir die skoonmaak van leë houers en die lys van CropLife SA gesertifiseerde verwerkers is op die webtuiste beskikbaar by [croplife.co.za/Collectors\\_Recyclers](http://croplife.co.za/Collectors_Recyclers).

Daar is feitlik geen streke in Suid-Afrika wat nie gesertifiseerde verwerkers het nie. Produsente moet eenvoudig kontak maak met die naaste verwerker en reël vir die oplaai van drie-maal gespoelde leë houers. Spoel drie maal, kap gate in en laat herwin; dis die regte ding om te doen! 🍷

Vir meer inligting, besoek [www.croplife.co.za](http://www.croplife.co.za) of kontak die outeur by 082 446 8946 of [gerhard@croplife.co.za](mailto:gerhard@croplife.co.za).